NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur | 100 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.

5. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

IEB Copyright © 2021

## AFDELING A LETTERKUNDE

## INSTRUKSIES VIR AFDELING A

- Beantwoord **AL VIER** die vrae.

- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

- **Beplanning** (Vir paragrawe en ander skryftake)

  Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf.

  – Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan en trek 'n streep deur jou beplanning.

  – *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*

  **VOORBEELD:**

| BEPLANNING | VRAAG |
| --- | --- |
| (linkerkantse bladsy)  | (regterkantse bladsy)  |

- Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die aantal punte bepaal die aantal feite wat verwag word.


- Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.

IEB Copyright © 2021

**ASEM –** *Jan Vermeulen*

Beantwoord al vier vrae oor *ASEM*.

## VRAAG 1




[LAPA Uitgewers, 2016]

1.1 Voltooi die onderstaande polisieverslag van die motorongeluk wat die aand van Barries se verjaardag gebeur het. Skryf net die **nommer van die vraag** en die **antwoord** in jou Antwoordboek.

| **POLISIEVERSLAG (uittreksel)<br>MOTORONGELUK** | | |
|---|---|---|
| **Bestuurder van motor** | *1.1.1* | *Motorbestuurder se naam en van*: .......... (1) |
| **Bloedtoetsverslag van bestuurder** | *1.1.2* | *Naam van een verbode dwelm in die bestuurder se bloed: ..........* (1) |
| **Plekke wat voor die ongeluk besoek is** | *1.1.3* | *Naam van een van die klubs waar die passasiers van die motor voor die ongeluk was: ..........* (1) |

**Volwassenes wat Barries op sy pad na heling gehelp het.**

1.2

> Sersant Schreuder tree weer in. "Hy is 'n kind. Kan ons hom nie 'n kans gee nie?"

[bl. 32]

1.2.1 Watter persoonlike inligting het Nico vir Barries oor haarself gegee? Gee twee feite. (2)

1.2.2 Gee twee bewyse dat Nico bekommerd oor Barries op Seeplaas was. (2)

1.2.3 Waarom kon Paul nie self vir Barries by die bus kom haal het nie? (1)

1.3

> "Hy haat my."
>
> "Nee." Sy raak aan sy arm. "Die Kaptein gee eintlik baie om."
>
> "Nie vir my nie. Hy wil my dan so graag saam met die skollies toesluit."
>
> "Hy wil net nie hê jy moet dieselfde pad as sy eie seun loop nie."

[bl. 61]

1.3.1 Wat het Nico vir Barries van kaptein Mfeka se seun vertel? (1)

1.3.2 Noem twee maniere hoe die polisie vir Barries gehelp het. (2)

1.3.3 Hoe moes Barries vir die polisie help? (1)

1.4

> Soos 'n klip sink hy dieper in die watergat af. Die water raak kouer om hom. Eindelik yskoud.

[bl. 108]

1.4.1 Nadat Paul vir Barries uit die see gered het, het Paul soos 'n regte pa na Barries gekyk.

Gee een bewys van Paul se liefdevolle versorging na die redding. (1)

1.4.2 Gee een voorbeeld van hoe Paul vir Jona gehelp het. (1)

1.4.3 Barries het teruggegaan Johannesburg toe om by sy ma te wees.

Waarom het Paul reg deur die nag gery om by Barries in Johannesburg te kom? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 2

### Olga die verleidster

2.1 Skryf nou 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor **Olga se agtergrond** en **haar rol in Barries se grootwordproses**.

Jou paragraaf moet die feite in die onderstaande tabel insluit:

- Gee een feit omtrent Olga se kinderjare. (1)
- Waar het Olga en Stef mekaar ontmoet? (1)
- Gee een feit oor Olga en Stef se verhouding. (1)
- Waar het Barries vir Olga die eerste keer gesien? (1)
- Hoe het Barries sy obsessie met Olga deur middel van kuns uitgedruk? (1)
- Wat wou Barries aan die einde van die verhaal met hierdie kunswerk doen? (1)
- Verduidelik hoe Barries se obsessie met Olga amper sy lewe gekos het. (2)
- Olga het aan die einde van die verhaal vir Barries dwelms gebring. Wat was Barries se reaksie? (1)

2.2

> Hy hoor ook nie die klap van die vuishou nie. Hy sien net hoe tree Stef agteruit toe Paul hom vol in die gesig slaan dat die bloed uit sy neus spat. Die volgende is 'n haakhou teen die kaak wat die reus se knieë laat knak en hom eenkant toe laat steier tot hy die grond uitgestrek tref.

[bl. 201]

2.2.1 Waarom, dink jy, het Paul vir Stef toegelaat om op die plaas te bly? (2)

2.2.2 Waarom het Paul vir Stef in 'n oomblik van woede geslaan?. (1)

2.2.3 Waarom, dink jy, was Stef ongelukkig oor Barries se koms na die plaas? Gee twee redes. (2)

2.2.4 Stef het aan die einde van die roman 'n nuwe meisie gehad.

Wat het die leser laat dink dat die nuwe meisie soos Olga was? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 3

**'n Sielkundige gesels na die motorongeluk met Barries se ma oor Barries se probleme.**

Voltooi die volgende gesprek tussen die **sielkundige** en **Barries se ma**.

Skryf net die **nommer van die vraag** en **jou antwoord** in die Antwoordboek neer. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

3.1 Sielkundige: Hoe oud was Barries toe Paul die gesin verlaat het?

Ma: . . . . (1)

3.2 Sielkundige: Wat laat jou dink dat Barries nie meer respek vir jou het nie?

Ma: . . . . (1)

3.3 Sielkundige: Waarom dink Barries dat jy nog steeds lief vir Paul is?

Ma: . . . . (1)

3.4 Sielkundige: Jy het een middag op die woonstelbalkon in Johannesburg besef dat Barries se dwelmprobleem sy dood kan veroorsaak.

Wat het Barries op die balkon gedoen en waarom het hy dit gedoen?

Ma: . . . . (2)

3.5 Sielkundige: Noem drie feite wat aan jou bewys dat Barries 'n dwelm-probleem het.

Ma: . . . . (3)

3.6 Sielkundige: Hoe voel jy oor Barries se vriende?

Ma: . . . . (1)

3.7 Sielkundige: Waarom wil Paul hê dat Barries na die plaas toe moet kom?

Ma: . . . . (2)

3.8 Sielkundige: Wat is die naam van die plaas waar Paul bly en noem ook een van die dorpe daar naby?

Ma: . . . . (2)

3.9 Sielkundige: By wie het Paul geld gekry om die plaas te koop?

Ma: . . . . (1)

3.10 Sielkundige: Hoe verdien Paul sy eie geld?

Ma: . . . . (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 4

**TEMA VAN OPSTEL: Wraak**

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van tussen **250 en 360 woorde** oor die tema, **wraak**, in die roman, *Asem*.

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

***Paragraaf 1:*** **Barries se wraak**

*Barries droom gereeld oor die dag wanneer hy wraak op sy pa kan neem.*

- Gee twee redes waarom Barries vir Paul gehaat het. (2)
- By wie het Barries die rottegif gekoop om sy pa 'n les te leer? (1)
- Hoe wil Barries die rottegif vir Paul gee? (1)
- Wat het Paul gedink was verkeerd met hom nadat hy die rottegif gedrink het? (1)
- Noem twee bewyse dat Paul hard probeer het om sy alkoholprobleem te oorkom. (2)

***Paragraaf 2:*** **Paul se wraak**

*Paul het oral gesoek om Barries se biologiese pa te vind en hom te konfronteer.*

- Waarom, dink jy, wou Paul Barries se biologiese pa konfronteer? (1)
- Hoe en waar het Paul wraak geneem op Barries se biologiese pa? (2)
- Noem twee maniere hoe hierdie wraak Paul se lewe negatief geaffekteer het. (2)
- Watter bewyse was daar in Paul se kamer dat hy nie vir Barries vergeet het nie? (2)

IEB Copyright © 2021 

***Paragraaf 3:* Butcher se wraak**

*Butcher het wraak geneem om vir Barries 'n les te leer.*

- Hoekom was Butcher kwaad vir Barries? (1)
- Watter wapen is gebruik in die wraakaanval op Barries se ma en wat was die gevolg van haar besering? (2)
- Verduidelik hoe Barries uitgewerk het dat dit Butcher was wat sy ma se aanval beplan het. (3)

**Assessering: 5 punte** word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

**[25]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## INSTRUKSIES VIR AFDELING B

- Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.
- Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
  - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
  - interpretasie van die opdrag
  - inhoud en idees
  - register en toon
  - taalgebruik
- **Beplanning van skryfstukke**

  Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk nie.

  - Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.
  - Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

  VOORBEELD:

| | |
|---|---|
| **BEPLANNING**<br>(linkerkantse bladsy)<br> | **VRAAG**<br>(regterkantse bladsy)<br> |

IEB Copyright © 2021 

**VRAAG 5 E-POS**



[Google images – dpmapt.weebly.com]

**Situasie:** Jy is die **voorsitter van die liefdadigheidsvereniging, *Helpende Harte*,** by julle skool. Jy het gehoor dat die kinderhuis naby julle skool geld nodig het.

Jy voel dat julle nuutste projek die volgende moet wees: **om geld bymekaar te maak vir die kinderhuis** naby die skool.

**Opdrag:**

Skryf nou 'n **e-pos** aan die ander lede van die vereniging waarin jy **die projek** verduidelik.

In jou **e-pos** moet jy die volgende aspekte bespreek:

- Waarom die kinderhuis geld nodig het.
- Ten minste **twee idees** om geld bymekaar te maak. Verduidelik elke idee in 'n **aparte** paragraaf.
- Waarom dit belangrik is om die kinderhuis te help.

**Instruksies:**

- Verdeel jou paragrawe volgens die bostaande aspekte.
- Jou e-pos moet ook 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 150 en 220 woorde** lank wees.
- **Skryf die getal woorde onderaan jou e-pos neer.**

Jy moet die volgende formaat vir jou e-pos gebruik:

| | |
|---|---|
| **Aan** | |
| **Onderwerp** | *Geldinsameling vir kinderhuis* |
| Beste Lede van Helpende Harte<br><br><br>Groete.<br><br>(Jou naam) | |

**[20]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 6 BEDANKINGSKAARTJIE




[Google images – vectorstock.com]

**Situasie:** Dis die einde van jou matriekjaar. Jy was die afgelope vyf jaar by dieselfde **Afrikaansonderwyser**. Hierdie onderwyser beteken vir jou baie en jy skryf 'n **boodskap in 'n kaartjie** vir hierdie persoon.

**Opdrag:**

In jou kaartjie moet jy die volgende aspekte bespreek:

- Hoe hierdie onderwyser jou liefde vir Afrikaans laat groei het.
- Hoe die onderwyser jou met Afrikaans gehelp het.
- Watter lewensles(se) jy by hierdie onderwyser geleer het.

**Instruksies:**

- Verdeel jou paragrawe volgens die bostaande aspekte.
- Die inhoud van jou kaartjie moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- **Skryf die getal woorde onderaan jou boodskap neer.**

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2021